ooglopende en afwykende sake, het dus in die eerste plek, en miskien tereg ook, die aandag getrek, met die ongelukkige gevolg vir ons voorouers, met alles wat betrekking het op hulle, maar net terloops vermeld is, en dan gewoonlik nog in so'n verband en op so'n manier dat 'n mens al te dikwels moet gis waarop die skrywer nou eintlik doel. Die resultaat van dit alles is dat ons uit geeneen van al die reisbeskrywings selfs maar 'n vae, laatstaan duidelike, beeld van ons voorgeslag kan kry nie. Ons kan soms wel so'n beeld vorm van kleinere groepies, maar nooit van die volksplanting as geheel nie, sodat ons kennis van ons voorouers, hulle tiepiese gewoontes, die tyd wanneer sekere volksgebruike in verval geraak het, die taal wat hulle en die taal wat vreemdelinge hier gepraat het, e.s.m. uit die aard van die saak noodwendig fragmentaries moet bly.

Gelukkig kan ons die prentjie aanvul uit ander bronne. Hier dink ek in die eerste plek aan ou familiebriewe wat hier en daar nog bewaar gebly het vir die nageslag.

Hierdie soort briewe, veral uit die oudste tye, is baie skaars, om verskillende redes. Ons voorouers het in die eerste plek nie baie tyd gehad om vir mekaar te skrywe nie. As hulle nog geskrywe het, dan moes dit oor iets wees wat werklik dringend was, b.v. die meedeling van 'n sterfgeval, geboorte, of ernstige siekte, of verhandelinge oor sielstoestande. Daar is

ook nog 'n ander rede waarom briewe uit die oudste tye baie skaars is, en dit is n.l. die feit dat maar min van die vroegste koloniste die skryfkuns magtig was. Volgens gegewens, wat later behandel word, blyk dit b.v. dat ruim 50% van die koloniste in Jan van Riebeek se tyd analfabete was.

Voeg by hierdie verstaanbare skaarste nog die inwerking van verskillende faktore wat as gevolg gehad het 'n sorgwekkende vermindering van die reeds uiters beperkte voorraad, en dan besef 'n mens maklik hoe uiters skaars sulke briewe moet wees.

Ons voorouers het nie die waarde van sulke briewe besef nie - hoe kon hulle ook -. Die gevolg was dat, behalwe as 'n brief toevallig 'n verklaring is rakende een of ander skinder-praatjie, sulke dokumentjies somar verwaarloos was. Van die verklarings het ons toevallig 'n klompie wat bewaar gebly het in die argiefstukke in verband met kriminele en siviele hofsake, maar die groot stapels, waarvan melding gemaak word in reisbeskrywings, het spoorloos verdwyn. Die gegewens wat te kry is in die bewaarde stukke, behandel ek in afdeling II. Miskien sal dit moontlik wees om later 'n bundel uit te gee wat net sulke boustowwe bevat. Aan so'n werk bestaan daar 'n ernstige behoefte by diegenes wat 'n studie maak van die historiese ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.

Met die Groot Trek het die Voortrekkers elke duim ruimte in die bokwa nodig gehad vir

berging van onontbeerlike lewensbehoeftes ens. Oortollige papiere en dokumente was dus waardeloos vir hulle. Die gevolg was dat die steeds verminderende voorraad nog 'n gevoelige knou gekry het.

Daarby kom nog die Afrikaner se spreekwoordelike geringskatting van sake wat sy verlede betref. Hierin is egter nou so effens 'n verandering ten goede te bespeur - byna te laat. In my rondsoek na sulke ou dokumente het ek berig gekry van 'n ou tannie wat ongeveer dertig jaar gelede twee groot mandjies vol ou briewe op haar solder gehad het. Niemand weet vandag wat daarvan geword het nie. Toevallig het 'n klein aantal van die dokumente bewaar gebly - 'n nietigheid egter in vergelyking met die groot hoeveelheid wat verlore geraak het. Ek dink hier aan 'n voorbeeld wat Prof. Dr. Leo Fouche aan my meegedeel het. Een van sy studente in geskiedenis het n.l. in Boksburg (Tvl) op 'n ashoop 'n taamlike belangrike dagboek opgetel - toevallig. Hoeveel dokumente wat histories en kultureel van belang is word nie elke dag weggegooi mishoop toe nie?

Ook "ywerige" versamelaars van oudhede dun daagliks ons beskikbare en beperkte voorraadjie uit. As sulke vondse beskikbaar gestel word vir die gebruik van elke ware student, sou hierdie versamelaars uiters welkom wees om te vergaar al wat te vergaar is. Ongelukkig egter bestaan daar nog te veel afguns en te min erkentelikheid - selfs nog by die geleerdstes onder ons.

Baie versamelaars gaan daarby nog op so'n gewetelose manier te werk dat hulle mense wat na hulle kom, se kanse hopeloos bedref.

Een vriend - wat 'n benydenswaardige versamelinkie het - vertel my dat hy eenkeer, tot sy bitterste spyt, as gevolg van 'n uitnodiging wat 'n sekere joernalis «Johannes" in «Die Burger" geplaas het, van sy waardevolste briewe vir insae aan hom gestuur het. Dit was dan ook die laaste sien van die blikkantien. Die gevolg van «Johannes" se optrede is dat ek slegs na baie gesoebat die orige briewe te leen kon kry.

Selfs hierdie briewe, waarin ons die taal van die kolonis uit die eerstehand kry, gaan met ernstige moeilikhede gepaard. Die kolonis, wat hy ook al in sy daelikse omgang met andere gepraat het, het so gou as hy met 'n pen in sy hand sit probeer om «Hoog-Hollands" te skrywe, net soos hy ook onder invloed van die Bybel in «Hoog-Hollands" gebid het - ons vaders gebruik vandag nog 'n verhewe «Hoog-Afrikaans" as hulle bid.

Hulle praktiese kennis van die Bubeltaal was noodwendig egter baie gering, met die gevolg dat ons uit die foute wat die mense maak, indirek kan aflei wat die kenmerke was van die taal wat hulle in die week gepraat het, in teenstelling met hulle Sondagse Bybeltaal.

As ons hierdie verskillende punte in aanmerking neem, dan besef ons dadelik al vanself dat 'n geskiedenis van die wording van Afrikaans, veral gedurende die 17e en 18e eeue, uit die aard van die saak noodwendig onvolledig moet wees en bly totdat ons eers heelwat meer oorspronklike dokumente versamel het.

## A F D E L I N G I.

**DIE VERHOUDING VAN DIE VERSKILLENDE TAALGROEPE AAN DIE KAAP TYDENS DIE 17e en 18e EEUE.**

1.

Vanuit die standpunt van die Wes Europese beskawing beskou, is die Suidpunt van Afrika slegs van belang sedert 1652. In daardie jaar het 'n handjievol Hollanders hulle aan die Kaap die Goeie Hoop kom vestig. In die begin was die doel net om 'n verversingsstasie aan te lê, maar 'n paar jaar later word die verversingsstasie 'n nuwe kolonie.

In 1657 [1]) het die eerste groepie van 9 kompanjiedienaars hulle ontslag gekry en vergunning gekry om hulle te vestig as vryburgers. Hierdie groepie het stadigaan in getalsterkte gegroei.

In 1658 word die eerste aansienlike groep slawe (negers) aan die Kaap geland. Dit was 'n paar skeepsladinge van Portugese slawehandelaars wat die Hollanders buitgemaak het. In dieselfde jaar het die Kompanjie ook gevangene uit die Ooste (Malakka, Java) na die Kaap gestuur. Hier het ons indus al heeltemal aan die begin 'n twede groep inwoners - 'n groep wat later van soveel belang word op taalgebied.

Met die koms van die Hugenote in 1688 en enkele jare daarna, kom daar 'n nuwe element onder die Hollandse koloniste aan die Kaap.

In die begin van die 18e eeu neem die aantal Duitse immigrante sterk toe. Tot teen ongeveer 1775 is die aantal Duitse immigrante aansienlik meer as die Hollandse. Hierdie toestand bly voortbestaan tot

---

1) Gegewens vir hierdie sketsie geput uit Theal, South Africa 13e dr. 1929.

die einde van hierdie eeu, alhoewel die nuwe Duitse element in die laaste kwart van die eeu nie so aansienlik sterker as die Nederlandse is nie.

Verder is nog van belang die koms van die Franse garnisoen in 1781, om die Kaap teen Engeland te verdedig. Die garnisoen bly tot in 1784. In 1795 word die Kaap die eerste keer aan Engeland oor gegee. In 1803 kom die Kaap weer in Hollandse besit om in 1806 vir alle praktiese doeleindes vergoed oor te gaan in die hande van Groot Brittanje.

Die aantal koloniste aan die Kaap het maar baie stadig aangegroei. Eers vanaf 1670 af word die immigrasie belangrik. In 1672 was die aantal koloniste (die kompanjiesdienaars nie meegereken nie) 221; in 1679-289; in 1687 - 612; in 1691 - ongeveer 1000. Van nou af oortref die aantal geboortes aan die Kaap die aantal nuwekomelinge. In 1715 was die getalsterkte van die koloniste 1886; in 1722 - 2212; in 1740 - 3920; in 1754-5510; in 1772 - 8387; in 1783 - 11064; in 1791 - 13067; in 1795 - 14952; in 1789 - 21746; in 1805 - 25775; in 1806 - 26159. 1).

Met die stadige vermeerdering in getalle van die koloniste het die Kompanjie ook sy grondgebied uitgebrei. In 1700 het die grondgebied van die Kompanjie uitgestrek oor die skiereiland en N.O. tot aan die eerste bergreeks - d.w.s. die eerste terras.

---

1) Boshoff, Volk en Taal, 42.

In 1879 word Stellenbosch gestig. Tussen 1700 en 1750 gaan die uitbreiding tot oor die Tulbach-kom. Die uitbreiding gaan verder af langs die loop van die Bréderivier, oor Witsenberg, tot by die Warm Bokveld. In Noordwestelike rigting gaan die uitbreiding by Piketberg verby tot aan die mond van die Olifantsrivier. In 1743 kry ons die vestiging van 'n kerk in Roodesand. In 1745 kry Swartland 'n predikant en skoolmeester en Swellendam kry 'n landros.

Tussen 1750 en 1785 gaan die uitbreiding in Oostelike rigting tot by die Klein Visrivier en in die Noordelike rigting tot by die suidelike sytakke van Oranjerivier. In 1786 word Graafreinet uitgelê.

Tot teen die middel van die 18e eeu het die koloniste dus op 'n baie beperkte grondgebied gebly. Dit is van belang, veral met die oog op die ontstaan van Afrikaans.

Van die begin af aan het die koloniste in aan-
raking gekom met nuwe en vreemde voorwerpe in die
nuwe omgewing, vreemde mensgroepe met vreemde ge-
woontes, en vreemde tale. Dit was dus alles fak-
tore wat invloed moes uitoefen op hulle eie gewoontes,
op hulle kennis, en tot 'n sekere mate op hulle taal.
Voeg hierby die feit dat alle aanraking tussen die
volksplanting en die Vaderland net bestaan het uit
jaarlikse besoeke van die vloot op pad na Batavia

en Patria, om dan word dit vanself vir ons duidlik dat die koloniste geleidelik moes gaan verander het van gewoontes, ens,. om aan te pas by die nuwe landsomstandighede.

Die koloniste het hulle nie net by die nuwe landsomstandighede aangepas nie, maar die verskillende groepe het ook al meer en meer saamgesmelt om uiteindelik een samehorige groep te vorm. Die eerste faktor wat hiertoe bygedra het was natuurlik die gevaar van die Boesmans en Hottentotte. Binne 18 maande na die stigting van die volksplanting het die groepie Hottentotte al begin moeilikheid maak. Voeg hierby die verskillende Hottentot-oorloë en dan word dit duidlik dat die koloniste al taamlik vroeg mekaar moes begin help het teen die Hottentotte. Later het die van der Stel kwessie ook so'n samebindende uitwerking gehad op verskillende groepe.

Dit beteken dan dat die koloniste geleidelik 'n veranderings-proses deurgemaak het aan die Kaap. So'n natuurlike veranderingsproses kan nie met rasse skrede plaasgevind het nie, maar dit het tog plaasgevind. So m.b.v. gee Lichtenstein [1]) in 1803 'n beskrywing van die waens wat die koloniste gebruik het. Uit die beskrywing blyk dit duidlik dat die Europese wa in sy

---

[1]) Reisen im Südluhen Africa. 1803-1806, Dl I, bls. 22-25.

aanpassing by Afrikaanse toestande al so verander het dat dit toe al die geliefde en welbekende Voortrekkerswa was. Selfs die manier van inspan, volgens Lichtenstein, het ook verskil van die Europese manier.

Al baie gou ook het die taal van die Koloniste gaan verskil van die van die Nederlanders en sommige taalgeleerdes het gemeen dat hierdie verandering in taal, die oorgang van Hollands tot Afrikaans, toegeskryf moet word aan 'n natuurlike ontwikkelingsproses. Net soos die Nederlander hom aangepas het by die geaardheid van die land en sy klimaat, en Afrikaner geword het, net so moes dan - volgens hierdie argument - die taal van die oorspronklike koloniste hom op natuurlike manier aangepas en Afrikaans geword het.

## 2. TEORIEË OOR DIE ONTSTAAN VAN AFRIKAANS WAT NOG IN DIE VELD IS.

Daar was dan verskillende teorieë wat wil verklaar hoe Afrikaans ontstaan het. Sommige van die teorieë is al heeltemal verouder, en g'n ernstige student staan hulle meer voor nie, b.v. die Hottentots-teorie, die Seemanstaal-teorie, ens.

Daar is egter nog 'n paar belangrike teorieë in die veld. Die eerste is dan die spontane ontwikkelingsteorie, waarvan o.a. Prof. J.J.Smith 'n voorstander is. Die voorstanders van hierdie teorie

sien in Afrikaans hoofsaaklik 'n spontane, 'n natuurlike ontwikkeling van die 17e eeuse Nederlands. Hierdie teorie verklaar egter maar 'n deel van die waarheid. Dat so 'n natuurlike ontwikkeling tot 'n sekere mate moes plaasgevind het, kan niemand ooit ontken nie, maar dat hierdie spontane ontwikkeling die hele ontstaan van Afrikaans verklaar, is baie moeilik om te verdedig. In die eerste plek is die verandering wat in die Nederlands van die koloniste plaasgevind het om Afrikaans te word te radikaal, en die tydbestek waarin dit moes plaasgevind het te kort van duur om so'n spontane ontwikkeling aan te neem.

'n Twede belangrike teorie is die Maleis-Portugeseteorie wat opgestel is deur Prof. Hesseling en wat o.a. ondersteun is deur Dr. du Toit. Prof. Hesseling se opvatting is dat die Nederlands van die 17e eeu aan die Kaap Afrikaans geword het hoofsaaklik onder die invloed van Maleis-Portugees, d.w.s die lingua franca van die Kaap.

'n Derde teorie van belang is die vreemdelinge-Nederlands-teorie van Dr. Bosman. Die voorstanders van hierdie teorie neem aan, dat in sover Afrikaans nie die spontane ontwikkeling is van die 17e eeuse Naderlands nie, is dit 'n ontwikkeling onder invloed van Nederlands wat die vreemdelinge aan die Kaap gepraat het. Hierdie teorie sluit dus die spontane-ontwikkelingsteorie in en ok die Maleis-Portugees-teorie. Bosman ontken nie die invloed wat uitgegaan het van Maleis-Portugees nie, maar waar Prof. Hesseling die invloed van Maleis-Portugees beskou as die hooffaktor vir die ontstaan van Afrikaans, beskou Bosman die taal van die slawe maar as een van die belangrike vorms van vreemdelinge-Nederlands, wat aan die Kaap gepraat was.

In die lig van die verskillende teorieë oor die ontstaan van Afrikaans word dit nodig om deeglik die taaltoestande tydens die 17e en 18e eeue na te gaan om alle moontlike faktore op te spoor wat kon meegewerk het om die Nederlands van die sewentiende eeu te laat verander tot Afrikaans. Een van die belangrikste faktore wat meegewerk het tot verandering is seker die aanwesigheid aan die Kaap van verskillende taalgroepe. Hier was b.v. sprekers van 2) inboorlingtale, 3) Oosterse tale, en van verskillende Wes-Europese tale.

3. DIE EUROPESE TAALGROEP.

A. Die Nederduitse Taalgroep.

Die dienaars van die Kompanjie wat aan die Kaap werksaam was, soos b.v. die klerke en soldate, en die wat net by tussenpose aan die Kaap gekom het, soos b.v. matrose op verbyseilende skepe, skeurbuikige e.a. siek matrose wat aan die Kaap agterbly om te herstel en amptenare op pad na Batavia of na Holland of wat net 'n vakansie aan die Kaap kom deurbring het, het tot 'n sekere hoogte invloed gehad as taalvormende faktore.

Soos alreeds aan die begin van hierdie hoofstuk
aangedui is, het die stigters van die volksplanting
aan die Kaap, as gevolg van hulle oorkoms hierheen,
al d[illegible]llik in aanraking gekom met 'n nuwe omgewing,
nuwe voorwerpe, nuwe nasies, nuwe tale - 'n aan-
raking wat aan die ~~oenkant~~ as gevolg moes gehad het
'n uitbreiding van kennis, van uitsig - een aan die
anderkant, 'n aanraking wat invloed moes uitoefen
op die taal van die koloniste.

Gedurende die eerste paar jaar van die bestaan
van die volksplanting, was al die Europeane aan
dieselfde invloede onderhewig omdat hulle almal
binne die fort gehuisves was. Stadigaan egter,
het hierdie toestande begin verander. In 1657
kry ons die eerste vryburgers. Alhoewel hulle
voeling met die groepie in die fort van die
nouste aard was omdat hulle geografies die een
in die ander se agterdeur gebly het, het hulle
ander belange as die amptenare gehad. Langsamer-
hand moes hieruit as vanself voortvloei die ont-
staan van twee aparte groepe - die boere en die
amptenare. Toe sommige van die vrygurgers dieper

die binneland ingetrek het en sommige hulle meer toegelê het op veeboerdery i.p.v. saaiboerdery, het daar 'n derde groep ontstaan wat minder voeling gehou het met die eerste twee groepe.

In 1783 gee Mentzel die volgende vierledige indeling van die boere wat deur Bosman [1] as volg saamgevat word : «Die bewoners van die platteland kan verdeel word in vier klasse. Die eerste klas is die wat rentenier in die stad, met 'n kneg op die plaas om die boerdery te reël. Die twede klas is die wat rentenier op die plaas, eenmaal perddag rondkyk of die kneg alles agtermekaar het, en verder eet, drink en klawerjas speel. Die derde klas is die van die arbeidsame landsman wat die hele dag deur besig is, en die belangrikste werk liefs self doen. Die vierde klas is die veeboere wat ver van die beskawing woon, meestal arm is, maar selfs by groot rykdom weinig beter lewe as Hottentotte. (II bls. 145)"

Vir my doel hier, wil ek 'n nuwe indeling van die koloniste volg - 'n tweeledige - en wel die volgende :-

A. Die Kompanjiesdienaars w.o.
   i. Die amptenare aan die Kaap.
   ii. Matrose.
   iii. Soldate.

B. Die vryburgers in die Kaap en ook die boere (meestal saai-) in die onmiddellike omgewing.

---

[1]) t.a.p. blas. 132.

**Author** Coetzee A J
**Name of thesis** Die wording van Afrikaans gedurende die 17e en 18e eeue 1930

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.